
# DIE SWART LUIPERD

## No 52
## Sluiers oor die Woud




MEIRING FOUCHE

Vir 'n oomblik roer die vertwyfeling in die Swart Luiperd. Hy het al met Gorillas geveg maar dan was hy gewapen. Vanaand sal hy met leë hande moet veg en hy sal moet oorwin as hy die lewens wil red van hulle wat hy gekom het om te red.

Daar is egter nie nou tyd vir vertwyfeling nie. Daar is net tyd vir aksie. Sy mantel fladder hoog toe hy van die marmerlys afspring tot op die trap van die tempel. Met lang sierlike tree kom hy die trap afgestap.

Hy dink nie aan paniek nie, maar hy wonder hoe lank mens teen 'n gorilla kan uithou. Die gorilla kom teen die trap afgestap. Dieselfde ondier wat byna sy hande aan hierdie paar magtelose mense geslaan het. Dan maak hy hom gereed om ook vir sy eie lewe te veg.

Stofomslag: Chris du Plooy



INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Vreemde Vonds | 3 |
| 2. | Verlore Meisie | 12 |
| 3. | Jamba | 22 |
| 4. | Donker-Rivier | 32 |
| 5. | Die Afgrond | 40 |
| 6. | So Naby die Dood | 49 |
| 7. | Heilige Dier | 58 |
| 8. | Sterwende Gorilla | 66 |
| 9. | Doodsdans | 75 |
| 10. | Geveg met 'n Reus | 83 |


Hoofstuk 1

## VREEMDE VONDS

**Die groot, forse man luier met sy rug teen die stam van die boom. Hier, skaars vyf tree van hom af, lê sy twee tiers en knibbel aan die laaste oorblyfsels van 'n oerwoudbok wat hy omtrent 'n uur gelede met die pyl-en-boog platgetrek het. Vir homself het hy die heerlike soet lewer en een rib op die kole gebraai. Die res het hy aan sy tiers afgestaan. Die groot swart hings wei omtrent vyftien tree van hom af op die malse gras wat so welig groei hier op die hoë plato. Dit is 'n rustige toneel hierdie want die Swart Luiperd wil 'n slag goed uitrus voordat hy die volgende deel van sy reis onderneem.**

**Dit is nou al goed 'n maand wat hy deur die digte, groen, druipende oerwoud van die Belgiese Kongo beweeg. Hierdie reis is nie sonder sy gevare nie. Hy het dwarsdeur die groot gorilla-wêreld getrek, dwarsdeur die diepste verblyfplekke van die sjimpansee en deur die houplekke van die groot olifant-troppe. 'n Maand gelede is hy van die voorpos langs die rivier weg waar hy 'n jong Franse geneesheer en sy aantreklike jong vrou gered het van een van die gevaarlikste toordokters wat hy op sy baie omswerwinge deur die woude van Afrika teëgekom het.**

**En nou sit hy hier. Volkome alleen en volkome tevrede. Hy soek na die okapi. Daardie skugtere dier wat net in die diepste, diepste woud aangetref word. Daardie dier wat beskou word as die skelmste op die aarde. Maar die Swart Luiperd het hom voorgeneem om daardie dier te aanskou in sy natuurlike omgewing. Op sy reis het hy 'n ou sendeling teëgekom wat hom gewaarsku het om hierdie deel van die wêreld liewers nie verder binne te dring nie. Die ou man het hom gewaarsku teen vyandige inboorlinge en hul dodelike blaaspyle. Hy het hom gewaarsku teen die gorilla. Hy het hom gewaarsku teen die dodelike luislange wat in hierdie deel van die wêreld hou.**

**Maar tot dusver, steunende op sy lang ondervinding en op sy byna ongelooflike kennis van die gevare van die oerwoud het die**

Luiperdman en sy diere nog veilig deurgekom hoewel hy 'n paar skermutselings met gorillas moes oorleef. Maar omdat hy hierdie diere so goed ken en omdat hy by uitstek die Oerwoudman is, het hy nog elke keer die beste daarvan afgekom.

En nou, eindelik het hy die plek bereik waarna hy so lank gesoek en gehunker het. Hy rus op die kant van die hoë regaf plateau byna in die hartjie van die Belgiese Kongo en hier onder hom lê die oerwoud waarvan hy deur die jare nog maar net gedroom het. Dit word genoem die Woud van die Skaduwees. En nou dat hy daarna lê en afkyk, kan hy ook baie goed verstaan waarom dit so genoem word. Dit is veral teen hierdie woud wat die ou Belgiese sendeling hom gewaarsku het. „Nog nooit, sover bekend," het die ou man gesê, „het 'n blanke man al ooit uit die Woud van die Skaduwees teruggekeer nie." Hy het voorbeelde genoem van blankejagters—Amerikaners, Belge, Italianers, Duitsers en Engelse wat die Woud van die Skaduwees op hul jagtogte binnegegaan het en wat nooit teruggekeer het nie. Van hulle is nog nooit weer taal of tyding verneem nie. Hulle het sommer spoorloos verdwyn, net soos mis voor die son. Die ou sendeling het die Luiperdman vertel van die byna ondeurdringbare skaduryke bome en struike, van die reus-varings wat amper so groot soos bome groei en die aaklige reptiele wat hier hou, van die inboorlinge wat geluidloos op jou toesluip en 'n klein giftige blaaspyltjie op jou liggaam indryf.

En hier lê die Woud van die Skaduwees. Hy voel 'n tinteling deur sy bloed. Hy voel byna lighoofdig omdat hy al so amper sy ideaal bereik het. Hiervandaan waar hy lê, lyk die geslote oerwoud misterieus, gevaarlik en uitdagend genoeg. Dit lyk soos 'n afskrikwekkende verdoemenis van groen gebladerde reusstamme; diep, donker skaduwees. Die toppe van die bome lyk soos 'n onmeetlike groen oseaan wat wegstrek tot byna in die oneindige, behalwe hier op regs waar die magtige bergreeks in die oerwoud inskiet en weer wegswaai. Maar behalwe in die rigting waar die berg geleë is, lyk dit asof hierdie groen woesteny tot in die oneindige wegtrek. Die Luiperdman weet dat as jy eers in hom





verlore is, jy vir goed verlore sal wees. Tensy jy baie goed is met rigting, tensy jy sterk is, tensy jy die oerwoud ken met al sy gevare, met al sy stemminge, dan is jy verlore. Toe die ou sendeling hom hierdie dinge vertel het, was hy 'n bietjie sinies maar nou dat hy afkyk op hierdie groen chaos, weet hy dat daardie ou man nie 'n enkele woord oordryf het nie.

Hy kyk weg na die groot berg. Die kolos wat uit die omliggende woude opstaan, lyk ewe afskuwelik, geheimsinnig en dreigend. Daar is iets aan die berg waarvan die Luiperdman nie hou nie. 'n Atmosfeer wat hom grillerig laat voel en laat wonder watter geheime in daardie reusagtige klowe of teen daardie donkergroen hange of teen die hoë, gitswart kranse stapels.

Weer swaai hy sy blik oor die oerwoud. En toe verdwyn die lomerigheid opeens uit hom. Hy sit skielik regop teen die stam, maak sy oë nou—hierdie oë van hom wat net so wakker is soos dié van 'n arend. Snaaks dat hy dit nou eers sien. Hy het die sagte groen golwinge van die oerwoud al 'n hele ruk noukeurig betrag en tog het hy dit nog nooit gesien nie. Nou gewaar hy dit die eerste maal.

Dit is iets wat blink en glinster. Daar ver in die top van 'n boom. Dit lyk amper soos 'n stukkie weerlig wat daar vasgevang en afgebreek is en nou daar tussen die takke gevange gehou word. Hy staar hard na die skittering en probeer gevolgtrekkings maak. Maar na 'n rukkie gee hy op. Hy is nie gebore in staat om te dink wat dit kan wees wat so glinster daar in die boomtop nie. Hy kyk op na die son. Dit is nou feitlik net op die middag. Skoon begeesterend deur die eienaardige verskynsel, staan die Swart Luiperd op, stap onder die koelte van die boom uit en betrag die verskynsel met nuwe drang en konsentrasie. Maar na 'n hele ruk draai hy kopskuddend om en kom terug onder die koelte in. Die ding kan hy glad nie kleinkry nie. Hier het jy 'n maagdelike woud waar die beskawing blykbaar nog nie deurgedring het nie en hier sien hy in die top van 'n boom iets skitter. Iets soos 'n spieël of 'n ander gladde oppervlakte wat met sy blink kant na die son gekeer is. Die Luiperdman gaan weer teen die boomstam sit en hy betrag daardie blink

skittering nog 'n ruk lank en toe, meteens, begin dit verdwyn. Nie te lank nie of dit is volkome uit die oog. Die Oerwoudman kyk na die son op en sien dat dit verskuif het soos dit moet verskuif. Nie veel nie, maar tog 'n entjie. En toe kom daar in hom 'n eienaardige opgewondenheid. Die gevoel dat hy hier 'n geheim beet het wat groter kan wees as wat hý selfs vermoed. Hy sluit sy oë en maak 'n paar gevolgtrekkings en die heel eerste gevolgtrekking waartoe hy kom, is dat daardie skittering opgehou het omdat die son verskuif het. Tweedens kom hy tot die onverbiddelike gevolgtrekking dat dit iets van die beskawing is soos hy hom ken wat in daardie boomtop skitter. Hy weet nie wat dit is nie. Hy het geen benul wat dit kan wees nie, maar van een ding is hy seker—die voorwerp wat in daardie boomtop geskitter het, behoort nie aan hierdie maagdelike oerwoud nie. Dit is 'n voorwerp wat van buite af ingebring is. Maar wat? En deur wie?

Terwyl hy stip na daardie boomtop bly staar en die posisie daarvan goed in sy binneste graveer, tref 'n ingewing hom wat hom met 'n hoër opgewondenheid vul. Sê nou maar daardie skittering het iets te doen met die verdwene jagters waarvan die ou Belgiese sendeling gepraat het? Of is so 'n vermoede te verspot? Aanvanklik dink hy so, maar toe twyfel hy weer of dit wel die geval is. Heel moontlik is sy vermoede nie so verspot soos hy 'n oomblik gelede gedink het.

En die Swart Luiperd kom tot 'n verdere gevolgtrekking. Hy kom tot die gevolgtrekking dat hy moet gaan vasstel wat daardie is. As die noodlot ál sy eienskappe moes wegneem, sou daar seker een oorbly—sy onversadigbare nuuskierigheid. Dit is daardie nuuskierigheid, tesame met sy liefde vir die natuur, wat hom op hierdie gevaarlike en uitgebreide reise deur die oerwoude bring, en as hy 'n verskynsel nie kan verklaar nie, rus hy nie voordat hy dit wel kan verklaar nie. Daarom staan die Swart Luiperd op, ondersoek al die pyle in sy koker, swaai dit om sy skouer en ook sy boog en gaan haal vir ou Donker wat nog ewe op sy gemak daar op die gras staan en wei.

,,Ons gaan gou 'n entjie ry, ou perd,'' sê die Swart Luiperd toe





hy vir Donker terugbring en hom opsaal. ,,Wie weet,'' sê hy met 'n glimlag en vryf sy perd oor die kop, ,,dalk is daardie blink ding nog 'n groot diamant wat 'n gorilla bo in die mik van die boom gaan sit het!'' Hy swaai in die saal, praat op sy twee luiperds en toe beweeg hulle na 'n plek waar die steil plato skeef afsak en dan afswaai na die kant van die woud.

Sommer net toe hy die oerwoud aan die voet van die plato binnegaan, weet die Oerwoudman dat hy hier sy ore en sy oë sal moet oophou. Hierdie is die ongerepte wildernis van stam en blaar en struik en druipende varings, van groen, dodelike skaduwees as jy nie op jou hoede is nie. Daarom beweeg hy met die grootste omsigtigheid, beveel sy twee tiers om hier vlak langs Donker te bly, want die Luiperdman wil hulle nie blootstel aan die gevare van die oerwoud nie. Hier moet hulle klompie dig bymekaar bly sodat die een die ander kan help wanneer die gevaar dreig. Hy reis ook nie ver voordat hy besef dat hierdie voorsorgmaatreëls net die regte is nie. Hier 'n paar tree voor hul val die voorlyf van 'n yslike groenerige reptiel in die vorm van 'n reusagtige luislang sommer laag uit 'n boom. Hy hang krullend daar, sy plat kop swaaiend en dreigend en sissend. En toe die Luiperdman hom 'n pyl deur die lyf jaag, kort agter die kop, word die reptiel 'n chaos van swaaiende, krullende, dreigende energie wat stadig afglip uit die boom en eindelik in 'n woeste bondel op die grond beland. Die Luiperdman vermy die groot slang, trek hom verby en baan met moeite sy weg verder deur die oerwoud. Dit is dig hier, op plekke byna ondeurdringbaar, maar hulle worstel tog voort, terwyl die Oerwoudman al sy sintuie inspan, elke geluidjie inneem, elke beweginkie in die bome sy aandag gee.

Hy het seker 'n kilometer getrek toe hy vinnig stilhou. Iets het sy skerp aandag getref. Dit is 'n stuk droë hout wat verder uit 'n boom omlaag hang. Dit is die top van die boom wat afgebreek het. Die Luiperdman kyk daarna op en vind dit vreemd. Dit is 'n sterk top van 'n boom. En olifante klim immers nie bome nie. Hy betrag die top wat afgebreek en verdroog het, baie noukeurig en probeer 'n uitleg daarvoor soek. Hy kom tot die gevolgtrekking dat dit maar

miskien 'n rukwind kon gewees het. Maar 'n paar tree verder gewaar hy dieselfde verskynsel. Die dun top van nog 'n boom is afgebreek. Dié het wel nie grond toe geval nie, maar dit het op die toppe van ander bome tereg gekom. En wat hom dadelik tref, is dat hierdie afgebreekte toppe in dieselfde rigting geval het. Wel dink hy, dit kan nog 'n rukwind wees. 'n Rukwind slinger immers dinge in die rigting waarin dit beweeg. Tog is daar 'n toenemende opgewondenheid in die Luiperdman toe hy verder aan nog 'n paar boomtoppe sien wat op dieselfde manier afgebreek is en almal in dieselfde rigting geval het. Dit lyk amper asof hierdie afgebreekte boomtoppe 'n roete aandui. Toe hy 'n bietjie om hom heen kyk, besef hy dat sy gevolgtrekking dat dit 'n rukwind is, verkeerd moet wees. 'n Rukwind sal immers nie so kieskeurig wees as hy boomtoppe omruk nie. Weerskante van hom gewaar hy nie afgebreekte toppe nie. Dit is net in hierdie smal streep soos hy beweeg.

Die Swart Luiperd se bepeinsinge oor wat hier kon gebeur het, word met 'n skok onderbreek toe hy na die tak van die groot boom 'n paar tree voor hom opkyk.

Die skok trek soos 'n warm vlam deur hom. Wat hy daar aanskou, kan hy eers nie glo nie. Tog moet hy dit glo want dit is werklikheid daar voor sy oë. Dit is nie 'n skim wat hy sien nie maar tasbare, onveranderbare werklikheid.

Wat hy daarbo van die plato af sien blink het, is die stertpunt van 'n ligte vliegtuig. Die vliegtuig staan amper op sy neus tussen die takke en die welige lower van hierdie ou groot reus van die oerwoud. Net só asof die boom die vliegtuig ontvang en so vasgehou het. Die res van die vliegtuig is tussen tak en stam verberg en net daardie stukkie vin van die stert steek bo die kruin van die boom uit.

Dit is baie selde dat die Swart Luiperd se hande bewe, maar hierdie keer bewe hulle wel. Hy weet dat hy hier 'n skokkende ontdekking gedoen het en hy wonder watter ramp nie dalk in daardie kruin opgesluit lê nie. Hy klim stadig uit die saal en loop onder die boom in. Die vliegtuig is 'n patetiese wrak. Die skroef is





verfrommel. Die een vlerk is morsaf gebreek en die ander een is feitlik af. Die romp van die vliegtuig het wonderbaarlik behoue gebly. Die aanslag met daardie boomtoppe wat so afgeruk is, moes seker die vaart van die voël van die lug gebreek het. Die Luiperdman kyk onder die boom om hom rond, maar daar sien hy niks. Hierdie ongeluk moes lank gelede plaasgevind het. Die metaalraamwerk van die een vlerk wat gedeeltelik ontbloot is, is al erg aangeslaan. Die blink neus van die vliegtuig blink nie meer nie. Dit is bruin verkleur. Teen die boomstam af sien hy 'n donker streep waar olie seker afgeloop het. Twee bosape klouter uit die binnekant van die vliegtuig en toe hulle die Oerwoudman sien, verdwyn hulle met 'n groot geraas tussen die takke in.

Hy haak vir Donker vas en toe begin hy stadig en met moeite teen die stam opklouter om te gaan kyk wat daar gaande is. Hy voel in hom 'n eienaardige vrees. Selfs die mees geharde mens wil nie op 'n toneel soos hierdie of die slagoffers afkom nie. Hy verwag dat hy hul verminkte beendere in die vliegtuig sal vind. Want onder op die grond het hy niks gewaar nie. Wie ookal in hierdie ding gereis het, lê seker van die dag van die ongeluk af in die binneste van die vliegtuig dood, want wie sou hulle hier in hierdie byna ondeurdringbare oerwoud bereik het om aan hulle hulp te verskaf?

Hy klim versigtig tot by die neus van die vliegtuig, betas dit en bekyk dit. Aan die manier waarop die metaal reeds aangeslaan het, lei hy af dat hierdie ongeluk 'n hele tyd gelede moes plaasgevind het.

Huiwerend loer hy deur die vernielde deursigtige dakkap van die vliegtuig en toe sien hy tot sy verbasing dat dit leeg is. Daar is nie 'n enkele lyk in die kajuit nie. Op 'n tak klouter hy verder sodat hy goed binne-in kan sien. Nee, hier is niemand nie. Al wat hy sien, is 'n pakkie sigarette, reeds stukkend gereën. Die instrumentepaneel is alreeds net so verroes soos die res van die vliegtuig. Die stuurwiel is afgebreek van die stang af en lê los binne in die kajuit. Die sitplekke lyk feitlik ongedeerd. Hoewel dit lyk asof die agterste twee losgebreek en na vorentoe geskuif het. Dit is 'n viersitplekvliegtuig. Een van die ligte soort.

Verder gewaar hy niks. Hy steek sy hand in die sakkie langs die loods se sitplek. Trek daar iets uit. Dit is 'n kaart. En toe hy dit oopvou en dit begin ondersoek, bemerk hy gou dat dit 'n kaart is van hierdie deel van die oerwoud. Op die kaart, regoor die berg wat hy netnou nog daar op die plato so sit en bewonder het, is 'n klein rooi kringetjie getrek. Op die kaart heet die berg die Noiregebergte. 'n Baie paslike naam dink die Swart Luiperd meteens. Want daardie swart krans op die kruin van die berg verleen aan hom werklik die naam die Swartberg. Hy vroetel verder daar in die sakkie rond, en behalwe 'n paar stukkies gereedskap en nog 'n pakkie sigarette wat ook al stukkend gegaan het, vind hy 'n brief wat al erg verniel is deur die nattigheid. Hy vou dit oop en probeer so wat hy kan om te lees wat daar staan. Selfs om die adres of die naamtekening te ontsyfer. Maar dit is nodeloos want in hierdie oerwoud kan dit gedurende die reënseisoen dae en weke aanmekaar reën. En op dié manier het die wrak van die vliegtuig seker so nat geword dat ook die brief deurweek geraak het.

Die Oerwoudman wil net van die wrak afskeid neem toe hy iets gewaar. Die voorwerp het voor tussen die kontroles ingerol of ingeskuif. Dit is 'n donker bril. En toe hy dit in sy hand optel, besef hy met 'n nuwe skok dat dit die donker bril van 'n vrou moet wees. Geen man sal so 'n smallerige, versierde donker bril dra as hierdie een nie. 'n Vrou, dink hy. Sou 'n vrou hierdie vliegtuig geloods het? En indien wel, wie is sy en waarheen was sy op pad. Miskien na daardie rooi kolletjie op die kaart? Maar wat beduie daardie kolletjie? Wat is so belangrik daar dat dit op hierdie manier aangedui moes word?

Dit is die vrae waarmee hy hom besig hou terwl hy die bril versigtig in sy sak steek. Hy neem ook die verweerde brief en steek dié in sy sak. Ook die kaart vou hy op om dit saam te neem. Daardie rooi kolletjie interesseer hom ten seerste. Dit kan heel moontlik groot betekenis hê. En nuuskierige man soos hy is, kry die Luiperdman meteens die ingewing dat hy moet gaan vasstel wat daardie kolletjie beteken.

Die son het al ver gesak. Hy moet terug na sy kampplek op die





plato. Daarom klim die Swart Luiperd teen die boom af, ondersoek die terrein weer daaronder maar hy gewaar niks. Dit verbyster hom totaal. Wat het van die persoon of persone geword wat in hierdie vliegtuig gereis het? Kan dit wees dat die diere hulle hier uit die rak verwyder het? Miskien gorillas of swart luiperds of moontlik 'n luislang? Nee, dan moet daar tog 'n teken oorgebly het.

Of het die ongelukkiges miskien aan die loop gegaan en het hulle die slagoffers geword van hierdie oerwoud en sy gevare?

Met hierdie kwellende vrae gaan klim die Luiperdman op Donker en ry terug na die plato.